
LOFOFFER 2020
Braai-offers
en Dankoffers

‘n “Altaar”-natiewe lewe

Sit vir ons nog hout op!

Van ‘n vonkie na ‘n vuur

Dink jy dis genoeg vleis?


Gegeur met Sout en "spices"
MATTEUS 5:13

6 Sit die altaar dan neer voor die voorhangsel wat
hang voor die ark met die getuienis, voor die deksel
op die getuienis waar Ek jou sal ontmoet. 7 Elke
oggend wanneer Aäron die lampe versorg, moet hy
geurige wierook op die altaar brand. 8 Elke aand
wanneer hy die lampe aansteek, moet hy wierook
brand. Die wierookoffer moet altyd, ook deur julle
nageslag, vir My, die Here, gebring word.

*Eksodus 30:6-8*

34 Die Here het verder vir Moses gesê: "Vat die
volgende geurige speserye in gelyke hoeveelhede:
hars, naeltjies, galbanum en suiwer wierook. 35 Berei dit
as wierookoffer. Meng dit soos 'n vakman dit doen. Dit
moet gesout wees, rein en gewyd. 36 Vryf dit fyn tot 'n
poeier en sit daarvan neer voor die getuienis in die
tent van ontmoeting waar Ek jou sal ontmoet. Die
wierookoffer moet vir julle besonder gewyd wees.

*Eksodus 30:34-36*

# Die Wierookoffer:

- Elke dag – oggend en aand
- Heilig en aan God gewy

37 Wat die wierook betref wat jy voorberei,
niemand van julle mag dit volgens dieselfde
voorskrif vir homself voorberei nie. Dit moet
gewyd wees vir julle, aan My, die Here, gewy.
38 Enigiemand wat so 'n mengsel voorberei om aan
te ruik, moet van sy volk afgesny word.

Eksodus 30:37-38

# Die Wierookoffer:

- Elke dag – oggend en aand
- Heilig en aan God gewy
- Die gebede van die gelowiges


Ek roep na U, Here, kom tog gou na my toe,
luister tog na my, ek roep na U.
2Mag my gebed voor U wees soos 'n wierookoffer,
die uitstrek van my hande soos 'n graanoffer in
die aand.
Psalm 141:1-2

3 'n Ander engel het toe gekom en by die altaar
gaan staan met 'n goue wierookbak. Daar is baie
wierook aan hom gegee om dit saam met die
gebede van al die gelowiges op die goue altaar
voor die troon te offer. 4 Die rook van die wierook
wat deur die engel geoffer is, het saam met die
gebede van die gelowiges opgestyg voor God.

*Openbaring 8:3-4*

# Die Wierookoffer:

- Elke dag – oggend en aand
- Heilig en aan God gewy
- Die gebede van die gelowiges
- Wys na Jesus

25 Daarom kan Hy ook die wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.

**Hebreërs 7:25**

# Sout vir die aarde

- Offers, Eedaflê, Verbond
- Reinheid, Wysheid, Lojaliteit
- Geurmiddel
- Preserveermiddel
- Groeimiddel
- Noodsaaklikheid

13 "Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan
het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd
nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap
dit. 14 "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg
lê, kan nie weggesteek word nie; 15 ook steek 'n mens nie 'n
lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n
lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. 16 Laat
julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke
kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

**Matteus 5:13-16**

# Die GEUR herinner ons:

- Jesus tree vir ons in

34 Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het
gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood
opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy
pleit vir ons.

*Romeine 8:34*

# Die GEUR herinner ons:

- Jesus tree vir ons in
- Bid gedurig - vgl. 1 Tess 5:17
- Wy ELKE DAG aan God
- Getuig! Getuig! Getuig!

14 Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam
in sy triomftog omdat ons een is met Christus.
Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral
soos 'n aangename geur. 15 Ons is die wierook wat
deur Christus vir God gebrand word, waarvan die
geur die bereik wat gered word, sowel as dié wat
verlore gaan.

*2 Korintiërs 2:14-15*

# Die GEUR herinner ons:

- Jesus tree vir ons in
- Bid gedurig - vgl. 1 Tess 5:17
- Wy ELKE DAG aan God
- Getuig! Getuig! Getuig!
- SOUT – Preserveer, Gee Smaak, Dors


WANNEER moet ek gee?


Elke Sondag moet elkeen van julle na vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar , sodat die geld-insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.
1 Korintiërs 16:2

# Dankoffers

- HOE? – Uit eie beweging, graag wil
- WAAROM? – Dankbaar, deel in liefdeswerk
- HOEVEEL? – Na vermoë, vrygewig, hart
- WANNEER? – Gereeld, doelbewus


LOFOFFER 2020
Braai-offers
en Dankoffers

Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur,
vir Hom aanneemlik en welgevallig. 19En my God
sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien
volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus
Jesus. 20Aan ons God en Vader behoort die
heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

*Filippense 4:18-20*


LOFOFFER 2020
Braai-offers
en Dankoffers